# FAKULTEIT OPVOEDKUNDE
# Departement Opvoedkundige Sielkunde

## INLIGTING OOR HONSBEd (OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING)

### Programbeskrywing

Hierdie program kombineer teorie en praktiese toepassing. Studente word ondersteun om deur middel van 'n inklusiewe opvoedkundige pedagogie om leerders se diverse behoeftes te voorsien. Die program konsentreer op onderliggende teorieë wat die praktyk rig. Daarom is die inhoud nie voorskriftelik nie omdat leerders en kontekste verskil. Studente word op nagraadse vlak toegerus om nadenkende praktisyns te word.

Die fokusgebiede van die program is soos volg:

- Interpretatiewe navorsing
- Volwasseneleer en -ondersteuning
- Leer en kognisie
- Leeruitdagings
- Leerondersteuning
- Navorsingsprojek

### Programdoel

Die doel van hierdie program is om studente in staat te stel om alle leerders sinvol aan inklusiewe onderwysstelsels en -gemeenskappe te laat deelneem. Daarbenewens beoog die program om studente 'n samehangende en kritiese begrip te bied van die omvang en onderliggende beginsels van onderwys en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat met leerhindernisse te kampe het. Dit berei studente voor om diverse en unieke leervermoëns en leeruitdagings te identifiseer en genoegsaam en sinvol daarvoor voorsiening te maak.

### Programduur en -aanbieding

Die program word deur middel van gemengde leer en onderrig aangebied. Dit behels ten minste twee telematiese aanbiedings en aanlyn kommunikasie. Die program kan voltyds oor een jaar of deeltyds oor twee jaar voltooi word. Voornemende studente moet voor 31 Julie van die vorige jaar aansoek doen.

### Toelatingsvereistes

- 'n Relevante universiteitsgraad en 'n sekondêre onderwysdiploma of -sertifikaat (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD)

*of*

- 'n Relevante universiteitsgraad en 'n primêre onderwysdiploma (bv. POS, POD, HPOD)

*of*

- 'n Relevante universiteitsgraad en 'n onderwyskwalifikasie wat die Senaat as voldoende vir sodanige doel beskou

*of*

- 'n Vier jaar lange geïntegreerde onderwysgraad

*of*

- (Waar die toepaslikheid en akademiese relevansie van die aansoeker se werkservaring dit regverdig) 'n Ander relevante studiekombinasie, sowel akademies as professioneel, wat die Senaat vir toelatingsdoeleindes as gelykstaande aan 'n geïntegreerde vier jaar lange baccalaureusgraad of 'n baccalaureusgraad beskou (Aanvullende onderwysstudie kan van sulke kandidate vereis word om toelating te verkry.)

*of*

- Erkende vier jaar lange naskoolse opleiding, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie insluit

Benewens die algemene toelatingsvereistes vir alle HonsBEd-programme in die Fakulteit Opvoedkunde, word ten minste een jaar formele onderwyservaring in Suid-Afrikaanse verband vir hierdie program **aanbeveel**.

### Verdere bepalings oor toelating tot die HonsBEd-programme

Aansoekers moes 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar van hulle relevante voorgraadse studie behaal het.

Die Fakulteit verwag dat voornemende studente ten minste toegang tot 'n rekenaar en die internet sal hê om:
- toegang tot SUNLearn-modules te bekom en aan die verskillende leeraktiwiteite deel te neem;
- die elektroniese bronne van die US Biblioteek te gebruik;
- e-pos te stuur en te ontvang; en
- opdragte te voltooi en elektronies in te dien.

### Keuring

Weens die gewildheid van hierdie program en die beperkte kapasiteit van die Departement sal 'n maksimum van **DERTIG** studente met die oog op 2024 tot die program toegelaat word.

### Verdere programinligting

- Jaarboek van die Fakulteit Opvoedkunde vir 2023
- Kontak US Kliëntedienste by info@sun.ac.za | 021 808 9111
- Kontak die fakulteitsbeampte, **me Carmen Jordaan**, by cdj@sun.ac.za | 021 808 9111
- Versoek inligting oor die program van:
  - departementele beampte **me Carren Thom** by carren@sun.ac.za | 021 808 2308
  - programkoördineerder **dr Carmelita Jacobs** by carmelitaj@sun.ac.za
- Webtuiste van die Departement Opvoedkundige Sielkunde

**Die aansoekproses vir die inname van 2024 sluit op 31 Julie 2023.**

**DOEN AANLYN AANSOEK:** https://www.sun.ac.za/english/pgstudies/Pages/How-to-apply.aspx